Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2280 24 Julie 2026

# Lang assegaaie uit vir Bokkieweek




*Bokkieweek opening.*

Die ANC se omstrede Panyaza Lesufi, deesdae premier van "Gauteng" slyp opnuut sy assegaaie vir die Afrikaners, en hierdie keer word hy ondersteun deur die PA se leier en minister van sport, Gayton McKenzie.

Lesufi en McKenzie probeer lang lemme uithaal teen Afrikaner Volkseie Sport (AVS) na die vyf en dertigste suksesvolle Bokkieweek in Naboomspruit. Dit volg op 'n berig wat deur die linkse *News24* gepubliseer is, waarin hulle gesê het die mense by die Bokkieweek het die "apartheidsvolkslied", Die Lied van Jong Suid-Afrika, gesing, en dat die spanne deelneem onder die name van die "apartheid-era-provinsies".

Lesufi, wat al berugtheid verwerf het vir sy veldtog teen Afrikaanse skole toe hy nog LUR vir onderwys was, het *News24* se berig aangegryp om gal te braak op die sosiale netwerk X, voorheen Twitter. "3500 wit Afrikaner-skoolkinders het die apartheidslied Die Lied van Jong Suid-AFRIKA gesing tydens die openingseremonie wat onlangs in Limpopo gehou is. Die spanne ding teen mekaar mee met die name van provinsies uit die apartheidsera. Minister @GaytonMcK, as dit nie die ommekeer van ons hardverdiende vryheid is nie, dan het ons ons saak verraai," het Lesufi gesê en McKenzie by die boodskap ingesluit.

Hy het vir McKenzie gevra om diegene wat aan "hierdie rassistiese geleentheid deelneem" op 'n swartlys te plaas en te verseker dat hulle nie toegelaat word om gekies te word om enige nasionale spanne te verteenwoordig nie.

McKenzie antwoord: "Dit is pure onsin Premier en ons sal nie toelaat dat die apartheid-nostalgie weer opduik nie."

Lesufi is 'n senior ANC-politikus en is deel van die party se meer radikale vleuel. Die feit dat sy stellings nie gerepudieer word nie, is 'n aanduiding dat die ANC-leierskorps dit ondersteun.

As LUR vir Onderwys het Lesufi gereeld met Afrikaanse skole gebots. Hy het aangevoer dat sommige enkelmedium Afrikaanse skole transformasie en toegang vir swart leerders belemmer. Hy het onder meer druk geplaas vir die omskakeling van sekere skole na dubbelmedium, groter toelating van leerlinge uit omliggende gemeenskappe, die beëindiging van wat hy as uitsluiting beskou het.

*(Vervolg op bladsy 5)*

Die Redakteur……………

## Minderheidsregte of Minderheidsvoorregte?

Daar is al baie gewag gemaak van die Suid-Afrikaanse grondwet wat sogenaamd een van die bestes van die wêreld sou wees. Die land se staatsvorm word dan beskryf as 'n "liberale demokrasie".

In dié grondwet is daar 'n artikel 235 ingebou wat sogenaamd vir minderheidsregte voorsiening sou maak, maar in werklikheid is dit 'n leëdop-klousule sonder vleis om die been.

Tydens 'n gesprek wat die Boere-Afrikanervolksraad in die Zuma-era gehad het met die toenmalige waarnemende president Cyril Ramaphosa, is die bostaande stelling korrek bewys. Ramaphosa het erken dat daar tersaaklike wetgewing onder hierdie grondwetlike klousule opgestel moet word. Hy het egter die regering se verantwoordelikheid daartoe verplaas na "die sterkste politieke party", dus die ANC. Daar het dit duidelik geword dat hy eerder 'n party-lojalis is as 'n staatslojalis.

Die kwessie van minderheidsregte, wat saam met die Handves van Regte in die grondwet gelees moet word, kom nou weer ter sprake rondom die kritiek en dreigemente teen die Bokkieweek vanuit ANC-geledere.

Die Handves van Regte in die grondwet, fokus op individuele "regte" (met 'n hinderlike afwesigheid van individuele "verpligtinge"), maar vermy die sogenaamde minderheidsregte.

Ons het nog altyd die standpunt gehad, waarby ons steeds sal staan as 'n beginsel, naamlik dat die Afrikaners nie 'n minderheid is nie. Die Afrikanervolk is 'n volk in eie reg, soos enige volk in die wêreld. Ons mag dalk 'n klein volk wees, maar steeds volk. Voorstanders van 'n eenheidstaat voer aan dat individuele burgers, eerder as volke, die fondament van demokrasie behoort te wees. Ons glo dat die volk of volkere die nodale punt moet wees waarvandaan 'n vreedsame en werkbare samelewing geskep kan word, en waaromheen die regte staatsmodel gebou moet word. Dit is egter stof vir 'n latere gesprek.

Die feit is tans dat in die huidige bestel die Afrikaner egter gesien word as 'n minderheid, maar word sy minderheidsregte (Art. 235) heel maklik geïgnoreer en dit laat die gevoel posvat dat die Afrikaner tevrede moet wees met "minderheidsvoorregte".

Gegewe die feit dat ons in hierdie huidige veelvolkige en multi-kulturele bedeling gedwing is, kan die vraag dalk tog binne daardie raamwerk gevra word of so 'n samelewing volhoubaar kan wees as die kulturele uitdrukking van sommige gemeenskappe (volke, soos in die Afrikaner se geval) as verdag beskou word, terwyl ander se kulturele uitdrukkings met groter verdraagsaamheid behandel word?

Aan die ander kant is die ANC-beheerde regering besig om steeds meer sentrale gesag te vestig, wat natuurlik spanning skep met gemeenskapsinisiatiewe, waaronder Bokkieweek ook gereken kan word.

Namate die staat sy funksies verloor, ten spyte van sy pogings om dit meer te sentraliseer, neem gemeenskapsinisiatiewe oor. Selfs in die swart gemeenskappe kom daar al meer voorbeelde van boendoe-geregtigheid voor, omdat wet en orde en die hele strafregstelsel wanfunksioneel geword het. Daarom het dit nodig geword het vir die sogenaamde burgerlike organisasies om self te organiseer: besighede by bv. Sakeliga, buurtwagte as deel van gemeenskapsveiligheid, onafhanklike skole, landbou-organisasies en ander.

Ten spyte van 'n Artikel 235 in die land se grondwet, word dit bevraagteken of die huidige grondwetlike model voldoende ruimte laat vir kulturele en taalgemeenskappe om hulself te bestuur. Waar dit wel gebeur, bars daar 'n politieke herrie los soos wat nou rondom Bokkieweek gebeur het.

Weer eens 'n relevante vraag: waarom word sekere kulturele tradisies en gebeure, veral aan Afrikanerkant, toenemend deur 'n politieke lens beoordeel, terwyl ander (inheemse of Afrika-) tradisies hoofsaaklik as kultuur beskou word?

As Bokkieweek hoofsaaklik 'n kulturele en sosiale geleentheid is, behoort die vertrekpunt in 'n liberale demokrasie te wees dat mense vry is om daaraan deel te neem, mits dit binne die wet plaasvind en nie ander se regte skend nie.

Dit gebeur dus duidelik nie, en is 'n teken van onkonsekwente optrede en beoordeling.

Dit is dan ook die fondament van wrywing en spanning, wat onnodig sou wees as alle volke of gemeenskappe met rus gelaat wou word. Waarom is dit nodig dat 'n kultuurgemeenskap voortdurend sy bestaan en tradisies moet regverdig?

Alexis de Tocqueville was 'n filosoof wat Amerika

*(Vervolg op bladsy 14)*

# Dr. Willem Leyds - Paul Kruger se regterhand

**Prof. Fransjohan Pretorius**

In sy strewe daarna om die Zuid-Afrikaansche Republiek uit te bou, het pres. Paul Kruger van Nederlandse amptenare gebruik gemaak. Hoewel hierdie beleid in sekere kringe gekritiseer is — deur onder andere die koerantredakteur Eugène Marais — het dit meriete gehad. Soos sy aanstelling van dr. Willem Leyds bewys het.

Leyds is in 1859 uit Nederlandse ouers op Java gebore. Op 25-jarige leeftyd behaal hy aan die Universiteit van Amsterdam 'n doktorsgraad in die regte met die hoogste lof. In dieselfde jaar werf Kruger die jonge doktor as staatsprokureur vir die ZAR. Sy vrou, Louise, vergesel hom.

In die diplomatieke onmin met Brittanje was Leyds volkome eens met die gedagte dat die Transvalers 'n historiese reg het om as 'n onafhanklike volk te bestaan. Hy het daarin geslaag om Nederlandse finansiële kringe te kry om die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij op te rig om ŉ spoorweg van Delagoabaai in Mosambiek na Pretoria aan te lê. Toe dit in 1895 voltooi is, het die ZAR ekonomies onafhanklik van die Britse Kaapkolonie en Natal geword. Leyds het ook talle Nederlandse amptenare en onderwysers vir die ZAR gewerf.

In 1888 is Leyds aangestel as staatsekretaris van die ZAR, juis toe die staat ekonomiese voorspoed begin beleef het vanweë die ontdekking van goud twee jaar tevore. Hy sou spoedig die president se vertroueling en regterhand in sowel binnelandse as buitelandse politieke aangeleenthede word. In werklikheid was Kruger en Leyds die regering van die ZAR, ten spyte van hul groot verskille in intellektuele statuur en kulturele agtergrond.

Ná die mislukte Jameson-inval van 1896 om Kruger se regering omver te gooi, het die spanning met Brittanje opgelaai. Leyds het die Britse aanspraak op binnelandse inmenging in die ZAR sterk veroordeel. In 1898 is hy as die ZAR se buitengewone gesant in Europa aangestel, met Brussel in België as hoofkwartier.

Terwyl sir Alfred Milner, Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, doelbewus oorlog aangedryf het (heimlik, volgens eie erkenning), het Leyds die ZAR-regering gewaarsku om nie op Europese hulp of tussenkoms staat te maak nie aangesien die Europese betrekkinge onderling besonder delikaat was.

Toe die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 uitbreek, het Leyds die Europese regerings en publiek probeer beïnvloed. Hy het doeltreffende propaganda vir die Boeresaak gemaak, Britse en neutrale state soos die VSA se skending van die internasionale reg blootgelê, en tussenkoms van die groot moondhede probeer bewerkstellig. Dit is onbekend hoe suksesvol hy was om voorrade deur Mosambiek na die ZAR te smokkel, maar hy het wel verhoed dat ZAR-fondse in Europa in Britse hande beland. Hy het daarvoor gesorg dat Kruger se koms na Europa in 1900 groot prominensie verkry, en Kruger is met enorme openbare geesdrif ontvang. Dat die staatslui van Europa die Boererepublieke nie wou help nie, was nie Leyds se skuld nie.

Ná die oorlog het Leyds steeds die belange van die Afrikanersaak bevorder. Dis hy wat Kruger se gevleuelde laaste woorde aan sy volk — "Soek in die verlede al die goeie en skone, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal te verwesenlik" — opgestel het. In verskeie geskrifte het hy die republiek se weerstand teen Britse imperialisme ver-dedig. Hy is in 1940 oorlede.

(uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

---


## *Die Afrikaner-* uitboufonds

**Bankbesonderhede**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds

**Verwysing**: U naam en van **Bewys van betaling: hnpvansa@gmail.com**

# Woord en wêreld

## Is ons lief vir die gebooie van God of is dit plig?

***Deur Dr. Gideon Grobler***



**Skrifgedeelte:** Ps. 119:97-100 Mem. *Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.* 98 *U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig.* 99 *Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing.* 100 *Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele.*

**Oordenking:**

Deur die loop van 2022 het ons in die oordenkings by dieselfde tema stilgestaan. Toe heelwat korter as wat ek graag tans weer onder die oog wil bring.

Bloot die aanhoor of aankondiging van dié Psalm laat iets anders by die hoorder wakker word as by die meeste ander Psalms. Hierdie andersheid draai vir minstens negentig persent oor die lengte van die Psalm. Na hoeveel komiese voordragte het elkeen van ons nie al geluister wat óf gaan oor die sing van die lange Psalm, óf oor die preek daarvan nie! Katkisante wat wederregtelik met die sing van die Psalm "besig gehou" is, terwyl die onderwyser/kategeet iets "belangrikers" gehad het om te doen nie.

Ek weet nie hoeveel die bostaande daarmee te doen het dat só baie van die uitnemendheid van dié Psalm verlore gaan nie, maar hierdie Psalm is een van die kosbaarste skatte in die Bybel, nié bloot oor kennis van die gebooie nie, maar in die besonder die uitwerking daarvan op die mens wat 'n liefde daarvoor het.

By ons in die gemeente gebruik ek dit graag as die Psalm na die gebooie, as skuldbelydenis. Ons sing so twee, soms drie verse per Sondag en só werk ons deur die Psalm tot ons die drie en sestig berymde verse deur gesing het. Op dié manier kom die waarhede, die lewenslesse van die Psalm, opgesluit in elk van die verse pragtig na vore. Aangrypende waarhede, briljant berym deur Totius!

Luister hoe besing Dawid sy liefde van die wet! Duidelik is dit nie vir hom plig nie, maar vreugde! As 'n mens dit lees, weerklink Ps. 1, in besonder verse 1 en 2 dadelik in jou ore: "1 **Welgeluksalig is die man** wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; 2 maar **sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag**." (eie beklemtoning) Hoor hoé "Welgeluksalig is die man" Dawid nie! Dawid se beskrywing van die uitwerking van die gebooie op sy lewe is aangrypend!

Of dit Dawid se vergelyking is tussen die uiteindelike waardeloosheid van die materiële teenoor die morele van die wet in vers ses:

*In U wet smaak ek 'n vreugd*
*groter as waar hy van weet*
*wat sy goed en aarde skatte*
*in hul waarde nie kan meet.*
*Daarmee bly ek altyd besig,*
*Wat my slot oorpynsing is:*
*Mag maar niks dié bron van vreugde*
*ooit uit my gedagte wis.*

En of dit sy beskrywing is wát God en sy Woord vir hom in sy lewe is in vers 19:

*Heer, U is my deel op aarde,*
*En u woord is my die skat*
*Wat u aan my toevertrou het*
*Op die lange pelgrims pad.*
*Voor u is my hart volkome*
*In my smeking uitgestort.*
*Maak my dan u guns deelagtig,*
*Laat u woorde waarheid word.*

En of dit bloot sy liefde vir die wet in vers 37 is:

*Waarom dan dat ek u wette*
*Al my liefde waardig keur,*

*Sodat ek in my bepeinsing*
*Daarmee besig is aldeur? (hoor Psalm 1)*
*Omdat hul my wysgemaak het,*
*Wyser as my teenparty,*
*As my leraars, as die grysaards.*
*Dis 'n kennisskat vir my!*

Maak nie saak nie. Dit maak jouself ryker, soos Dawid, deur die lees van dié Psalm.

Wat baie duidelik word uit die Psalm en die uitwerking daarvan op sy, en per implikasie, op u en my lewe!

Moontlik is die oorsaak daarvan dat die nakom van die wet as 'n soort sware plig gesien word, die populêre mening dat die wet nie méér van belang is nie, want Christus het dit kom vervul? Hiérdie is waarskynlik die gevolg van onkundige, want Matt. 5:18 stel dit duidelik: "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."

Wanneer ek die wet gehoorsaam **sodat** ek iets daarmee wil bereik (moontlik onbewustelik), is dit plig, maar wanneer ek die wet leef en my nougeset daarby probeer hou, **omdat** ek daarmee wil dankie sê vir wat Christus vir my, namens my, in my plek gedoen en vir my gedra het, gebeur dit uit liefde. Dan word dit my "lus en liefde" (HK V/A 88). Hoe meer ek dit oordink hoe beter verstaan en ken ek my Verlosser!

**Gebed***: Hemel Vader, Laat my dankbaarheid asseblief daagliks groei as gevolg van my sonder besef en U verlossing daarvan.*
**Amen**

---

## Bokkieweek

*(Van bladsy 1)*

Afrikaners het dit beleef as 'n aanval op Afrikaans as onderrigtaal eerder as bloot 'n debat oor toegang.

Lesufi gebruik dikwels sterk politieke taal. Hy verwys gereeld na "apartheid se oorblyfsels"; "wit monopolie-kapitaal"; "transformasie"; "dekolonisering." Heel duidelik beeld hy die Blankes en veral die Afrikaners as vyand uit.

Een van die bekendste botsings was in 2018 rondom Hoërskool Overvaal.

Die skool het aangevoer dat daar eenvoudig nie genoeg plek was vir meer leerlinge nie. Lesufi het aangevoer dat die skool swart leerlinge uitsluit. Die hof het uiteindelik ten gunste van die skool beslis oor die spesifieke toelatingsgeskil. Hierdie saak het Lesufi se ware kleure teenoor Afrikaners verder gewys, en hy het waarskynlik steeds 'n slegte smaak nadat die hof hom bloedneus gegee het. Nou soek hy 'n nuwe gevegsterrein vir sy politieke assegaai.

Bokkieweek bestaan al 35 jaar vir Afrikanerkinders. Dis een van die suksesverhale van die Afrikaner-gemeenskap in die jongste tyd.

Waarom daar juis nou skielik aandag aan Bokkieweek gegee word, is 'n vraag. Die ANC is in die knyp by sy eie ondersteuners en het dringend aandag afleiers nodig om sy eie steunbasis te probeer konsolideer.

Dat daar in die proses emosionele feiteflaters gemaak word, help daarin. Om Die Lied van Jong Suid-Afrika as 'n apartheidsvolkslied uit te beeld, is doodgewoon vals en misleidend, maar maak emosies los.

Die uitvoerende hoof van Bokkieweek, ds. Peter Stans, stel dit duidelik dat Bokkieweek téén niemand is nie, maar daar is vir die Afrikanerjeug. "Bokkieweek bied 'n aanvullende sportgeleentheid aan Afrikanerkinders wat nie meer binne die nasionale sportstrukture dieselfde geleenthede ontvang nie." "Net soos ander kultuurgemeenskappe hul eie feeste, sportgeleenthede en kultuuraktiwiteite aanbied, bied Bokkieweek aan die Afrikanervolk 'n geleentheid om sy kinders binne hul eie taal-, kultuur- en waarderaamwerk aan sport bloot te stel," sê ds. Stans.


Die president van AVS, mnr. David Mey, het verder gegaan: "Ons is, binne die raamwerk van die Handves van Menseregte, geregtig om Bokkieweek aan te bied. Dit is 'n Afrikaner-kultuurorganisasie se sportgeleentheid wat op die jeug, sport en kultuur fokus; sonder enige politieke agenda.

"Daar is oor die jare heen oorweldigend baie positiewe ondersteuning en kommentaar ontvang. Ons is geregtig op ons kultuur, geregtig om as organisasie te funksioneer en geregtig om 'n ruimte vir ons jeug te skep. Ons het 'n reg om te bestaan. "Indien daar pogings aangewend word om ons bestaan te beëindig, sal ons ons regte binne die regstelsel verdedig. Ná 35 jaar, met duisende jongmense wat deur Bokkieweek geraak is, staan ons steeds sterk en sal ons voortgaan om ons roeping te vervul."

# Demografiese kerngebiede

Perspektief

deur
Meinhard Peters



Een van die tergendste uitdagings vir die Afrikanervolk handel oor ons leefruimtes, ons eiendomme, ons plase en dorpe, en uiteindelik ook die herwinning van ons vaderland. Lesers sal weet dat hierdie tema oor die afgelope dertig jaar deel van die daaglikse debatte op sosiale media is. Ons kan dit ook die Volkstaat-debat noem. In die oorsig oor strategiese uitdagings waarmee ons besig is, word spesifieke aanduidings gegee van ‘n praktiese, uitvoerbare benadering, iets waaraan ons lankal ernstiger kon gewerk het. Die opskrif by Uitdaging Nommer 6 lui kort en kragtig: Ons moet demografiese kerngebiede hê. Dit is die meetbare uitkoms waarna ons moet werk. Ons haal aan uit die gepubliseerde brosjure:

”Daar word dikwels gepraat oor die wydverspreide vestiging van Afrikaners regoor Suid-Afrika. Dit spreek vanself dat drastiese veranderinge besig is om plaas te vind in voorheen blanke gebiede, veral in ons stede en dorpe. Die sterk posisie wat Afrikaners op die platteland ingeneem het, is reeds besig om sedert die 1920’s en die 1930’s geleidelik te verswak. Boonop het die opheffing van instromingsbeheer na 1970 en die onbeheerde situasie waarmee ons na 1994 te doen gekry het, die ideale geleentheid geskep vir vreemdelinge uit Afrika en Asië om in ons vaderland in te dring.

Daarby moet die lae aanwaskoers van die Blanke teenoor die hoë aanwaskoers van Gekleurdes en Swartes in ag geneem word. Dit is harde werklikhede wat goed deurdink moet word. Hoe bly ons staande wanneer die demografie van ons land so drasties verander?

Hierdie werklikhede maak dit uiters noodsaaklik om kreatief te dink oor *grondgebied*; veral om *kerngebiede* te skep waar die Afrikaners in getalle kan aangroei. In stedelike gebiede sal daar ook gedink moet word aan afgebakende areas waar Afrikaanse skole, klinieke, besighede en eie woongebiede gevestig kan word, en waar ons eie instellings effektief beskerm kan word.

Daar word oor die afgelope dekade reeds gedink aan kleiner *nodale vestigingsprojekte op die platteland,* waar twee, drie of meer plase hul wonings kan saamtrek op een gemeenskaplike terrein. Hulpbronne kan ook sodoende gedeel word, vreemde arbeid kan drasties verminder word en die taak van selfbeveiliging kan saam behartig word. Boonop sal iets soos tuisonderrig in hierdie **nodale vestigings** kan floreer. Werkwinkels, instandhouding, waterbronne, kragopwekking en ander dienste kan goed moontlik met mekaar gedeel word.”

Aldus die brosjure. Hoe meer mens hierdie saak beskou, hoe meer kom daar vrugbare gedagtes na vore. Ons noem die idee van *nodale vestiging* ook die noodsaaklike skepping van *demografiese vestigings*. Tegelyk word dit kerngebiede waarbinne die Afrikaanse taal, godsdiens, onderwys en kultuur kan gedy. Dit moet kerngebiede wees wat ons van die begin af doeltreffend kan beskerm. Dit sluit dus direk aan by die uitdaging van **oorlewing** (Nommer 1 in die brosjure).

Dit behels in wese die laertrek van ons volk op ’n gedesentraliseerde en verbeeldingryke skaal. In stedelike gebiede kan dit private, beskermde woongebiede behels. Op die platteland kan dit as die samespanning van twee, drie of vier plase beteken. Let op dat ons nie noodwendig dorpstigting hoef na te jaag nie, iets wat baie probleme meebring, en geblokkeer kan word.

Gestel vyf aanliggende plase besluit om die plan te volg. Hulle sal ’n veiligheidsplan moet uitwerk, wat kan vereis dat opstalle in ’n beskermde gebied saamgetrek word. Dit is nie maklik om geboue en bedrywighede te hervestig nie. Daar is egter oplossings voor wat stelselmatig meer konsolidasie sal beteken. Dit kan dalk beteken dat ’n klein veiligheidsdorpie opgerig word by een van die opstalle. Ons het reeds die verskynsel dat boere op die naaste dorp woon en slegs bedags uitgaan na hulle plase. Nou sal hulle wel permanent op die plaas kan wees.

Wat meer is, as tuisonderrig aangebied word deur vyf gesinne, is daar reeds ’n span wat saam leer, en kan die vyf gesinne dalk ’n voltydse leerkrag bekostig.

Die deel van kapitaaltoerusting tussen vyf boerderye kan groot besparings meebring. In baie gevalle vind dit tans plaas tussen boere op ’n ad hoc basis; dit is nie heeltemal onbekend vir ons nie. Maar ons moet toegee dat ’n verskuiwing in ons perspektief op sulke sake baie nodig sal wees. Ons is gewoond aan soewereine gesag oor ons plase. Afrikaners deel nie maklik hul toerusting en hulpbronne nie.

Meer voordele kan genoem word. Brandbestryding, sekuriteit, benutting van waterbronne, en die herstel van toerusting kan alles “gemeenskaplike” sake word. Terselfdertyd bly elke gesin privaat.

Die heen en weer ryery vir skoolbedrywighede kan drasties verminder word. ’n Bussie kan selfs saam bekostig word om skoolgaande kinders te vervoer. ■

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Die wese van heersende toestand

**Hermanus van der Schyff**

Ons gaan hierdie week verder kyk na die skrywe van mnr. Jaap Marais in sy geskrewe stuk onder die hoof van *"Sekere politieke argumente en vrae".*

Die volgende stuk skryf hy oor die **"Wese van heersende toestand"**:

Hy skryf: “Geen taktiek en strategie kan suksesvol wees nie as dit nie gebaseer is op juiste definisie van die werklikheid en begrip van die waarheid nie. So, in die huidige situasie in Suid-Afrika is die eerste saak wat aangespreek moet word, die definiëring van die huidige werklikheid. Daarvan is die wesensaard dat ons 'n oorwonne volk is weens bedrog en verraad, dat ons selfrespek daardeur baie erg aangetas is, en dat terwyl ons verdeeld, verswak en verraai is, die vyande voortgaan om, as die veroweraar, ons te vervreem van ons eie, te verdring uit ons erfenis, te verguis oor ons geskiedenis, en ons te verneder voor ons vyande."

In die volgende paragraaf skryf hy **"Konvensionele stryd verby"**:

"Soos tevore geskets is, stem die Afrikaners se huidige na-oorlogse posisie in belangrike opsigte ooreen met dié van die Boereleërs ná die beëindiging van die beleg van Ladysmith, Kimberley en Mafeking, die oorgawe van Cronjé by Paardeberg, Prinsloo by die Brandwaterkan en die Britse besetting van Bloemfontein en Pretoria. Dit was die einde van die konvensionele militêre stryd. En genls. Botha en Smuts het aan pres. Kruger getelegrafeer dat hy dadelik ten alle koste vrede moes sluit. Pres. Steyn het egter ingegryp en in 'n telegram die Transvaalse leiers van lafhartigheid beskuldig en hulle opgeroep tot voortsetting van die stryd.

**"Guerillastryd om eer te handhaaf**

"Net 'n enkele telegram van een leier met integriteit en moed het 'n dramatiese swaai aan die geskiedenis gegee. Dit het die daad geword wat die sneller getrek het vir die guerrillastryd wat toe begin het, amper twee jaar geduur, en 'n Boereheldedom opgelewer het wat die volk trots en selfrespek gegee en tegelyk die grondslag gelê het waarop die Bittereinders daarna die stryd op politieke gebied gevoer het,

Die guerrillastryd was in wese om die Boere se volkstrots en selfrespek te handhaaf. En daarin het die verbete Boerevegters geslaag, hoe onmoontlik dit ook al gelyk het met die vyandige oormag wat tot sowat 400 000 man gegroei het, teen die kwynende weerstand van uiteindelike 14 000 Bittereinders.

"Wanneer 'n mens in die toekoms kyk, is al gesê, kan jy net so ver sien as wat jy in die verlede kan terugkyk. Dit bevat 'n groot waarheid. Die les van die Afrikaner-geskiedenis is dat wanneer 'n stryd verloor is, dit met ander middels voortgesit word. Die konvensionele politieke stryd in Suid-Afrika is verby ná 27 April 1994, net soos die konvensionele militêre stryd na 30 Junie 1900 verby was met die Britse besitname van Pretoria. Polities is die Afrikaners in 'n soortgelyke posisie as die Boervolk militêr gesproke na Junie 1900 was."

In hierdie stuk wys mnr. Marais hoe die Engelse nie die Boere kon verslaan nie. Selfs met 400 000 teen 14 000 Bittereinders. Ek reken dit is een ding wat die Engelse nie kon hanteer dat hulle as magtige wêreld oormag, nie die Boere kon verslaan nie.

En na die Boere weer mag gekry het om self te ontwikkel, binne 'n klompie jare het die Afrikaners so ontwikkel tot die sterkste land in Afrika. Ons sal weer vry raak en weer so ontwikkel dat buitelanders nie by ons sake sal inmeng nie. Die leuse vir die Afrikaner-Boer moet wees, **Eie volk, eie land en eie Blanke regering**.



AfriSolar Supplies
Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin
* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme
Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

## Vance se pad na 2028 het sopas skielik ingewikkeld geword



Die Iran-oorlog en die regses se bittere stryd oor Israel het krake in die Amerikaanse MAGA-koalisie veroorsaak en die eerste werklike geleentheid geskep vir Marco Rubio, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, om homself as kandidaat aan te bied vir wanneer Trump se termyn verval.

Tot laat 2025 het dit gelyk of die Republikeinse Party die MAGA-koalisie min of meer ongeskonde tot in die 2028-presidentsverkiesing sou dra. Geen opvolger kan pres. Donald Trump se persoonlikheid of politieke styl reproduseer nie. Maar die koalisie wat hy saamgestel het — werkersklaskiesers, groeiende getalle Latyns-Amerikaners en ander voormalige Demokrate, en ontevrede liberale soos Robert F Kennedy Jr. en Tulsi Gabbard — het duursaam gelyk.

Vise-president JD Vance het ook gereed gelyk om aktief tot die verkiesingstryd toe te tree. Marco Rubio, die enigste ander geloofwaardige erfgenaam met nasionale steun, het net 'n paar maande gelede gesê dat hy Vance in 2028 sou steun as die vise-president sou staan. Die nominasie het minder soos 'n kompetisie as 'n opvolgplan gelyk.

Baie van die mense deel dalk wel van Vance se sieninge, maar die Republikeine lyk tans nie baie eensgesind nie. Sy oorwinning in 'n oop veldtog kan tans nie summier aanvaar word nie.

Twee verwante ontwikkelings het die situasie verander: die stryd oor die VSA-Israel-verhouding aan die regterkant en die oorlog in Iran.



Die eerste impliseer Vance nie direk nie, maar dit het die politieke wêreld wat hy moet lei, gebreek. Ekstreme regse poduitsendings en kenners het jare lank op Israel en Jode gefokus. Die dispuut het van die rand na die sentrum beweeg toe Tucker Carlson vir Nick Fuentes in Oktober 2025 op sy podsending ondervra het, 'n maand nadat Charlie Kirk - een van die regse se mees effektiewe koalisiebouers en poortwagters - vermoor is. Invloedryke stemme het gou verder beweeg as om die wysheid en beperkings van die VSA-Israel-alliansie te debatteer na sameswerings-bewerings dat Jode self Amerika bedreig het.

Die konserwatiewe beweging was nog nooit intellektueel uniform nie. Libertariërs, sosiale konserwatiewes, anti-kommunistiese liberale, nasionaliste en ander faksies het lank onder die Republikeinse tent meegeding. Maar die afgelope nege maande het iets meer korrosiefs opgelewer. Standpunte oor Israel, Amerikaanse Jode en selfs individuele media-persoonlikhede het lojaliteitstoetse geword. Konserwatiewes sorteer hulself toenemend in kampe en eks-kommunikeer andersdenkendes.

Elke presidensiële genomineerde moet mededingende faksies verenig. Vance staar 'n ongewone weergawe van daardie taak in die gesig, want hy het die politiek betree deur die wêreld van konserwatiewe intellektuele, dinkskrums en media. Hy het vriende en bondgenote oor mededingende kampe heen. Om daardie verhoudings te behou sonder om gevange te lyk aan enige van hulle, kan een van



Marco Rubio



JD Vance

sy moeilikste politieke toetse word.

Die oorlog in Iran het daardie toets moeiliker gemaak. Trump se koalisie het nog altyd onversoenbare buitelandse beleidsfaksies ingesluit: George W Bush-era intervensioniste, voorstanders van 'n ingehoue en meer hemisferiese strategie, en hardnekkige isolasioniste. Die alliansie het gehou solank die administrasie oorloë vermy het wat 'n duidelike verband met die Amerikaanse belang ontbreek het.

Iran het die meningsverskil in die openbaar gedwing. Sal die Republikeinse Party militêre veldtogte in die Midde-Ooste voortsit, of sal dit mag reserveer vir direkte bedreigings teen die Verenigde State? Republikeine beantwoord daardie vraag baie anders, en die oorlog het die party verdeel. Enige 2028-kandidaat sal deur dié kloof moet navigeer.

Vance is nie isolasionisties nie, maar sy instinkte bevoordeel terughouding. Hy is ook meer gewillig as baie senior Republikeine om die omvang van die VSA se verbintenisse teenoor Israel te bevraagteken. Daardie standpunte kan by 'n groot deel van die basis aanklank vind terwyl dit by intervensioniste, pro-Israel-konserwatiewes en gevestigde skenkers alarm maak.

Kan Vance verhoudings met kontroversiële figure soos Carlson handhaaf, Amerikaanse verbintenisse in die Midde-Ooste heroorweeg, en steeds die Republikeinse koalisie bymekaar hou? 'n Mededingende 2028-voorverkiesing sal daardie vrae in die openbaar dwing.

Rubio bly die waarskynlikste uitdager. Hy het gesê hy sal Vance nie teenstaan as die vise-president staan nie, maar ondersteuners bevorder steeds die gewilde minister van buitelandse sake as 'n kandidaat. Rubio se groter aanvaarbaarheid vir die gevestigde Republikeine en sy meer intervensionistiese buitelandse beleid sal die voorverkiesing in 'n direkte kompetisie oor die party se toekoms verander. Hy kan elke foutlyn wat Vance moet oorbrug, blootlê.

Een faktor mag dalk meer saak maak as al die ander: Trump se besluit.

Na die Iran-oorlog is Vance minder geneig om deur 'n werklik oop voorverkiesing te kom, veral as Rubio van plan verander. Maar Republikeine mag dalk nooit 'n oop voorverkiesing kry nie. Trump beheer steeds die party wat hy hervorm het, geniet die rol van koningmaker en sal sy opvolger wil kies.

'n Ondubbelsinnige Trump-keuse van Vance kan die kompetisie beëindig voordat dit begin. Ander kandidate kan staan, maar hulle sal sukkel teen 'n Trump-Vance-opvolging. As Trump Vance kies, kan die visepresident die 2028-genomineerde word deur aanwysing eerder as kompetisie.

Trump het meer as een keer gepraat oor die wedloop om hom op te volg. Sodra hy definitief praat, is die vraag dalk nie meer of Vance die Republikeinse voorverkiesing kan wen nie. Dit mag wees of die party bereid is om een te hou.

As Trump Vance benoem, sal hy waarskynlik die toekoms van die Republikeinse Party word. Trump sal besluit of die party 'n voorverkiesing kry of nie.

---

## Demokrate paniekerig oor Trump se onthulling van verkiesingsinmenging

In ‘n onlangse toespraak aan die Amerikaanse volk – wat TV-kanale soos ABC, CNN en NBC geweier het om uit te saai – het president Donald Trump verdoemende inligting ontbloot oor die skynbare onsekerheid van

Amerikaanse verkiesings en vorige pogings om kwesbaarhede in die verkiesingstelsel te benut en te bedek.

Trump het onder andere die skynbare pogings deur die Chinese kommunistiese regime uitgelig om in die 2020-verkiesing in te meng; China se "onwettige verkryging van 220 miljoen Amerikaanse kieserlêers"; die werk deur "lede van die diep staat" om "inligting oor die omvang van China se sinistere verkiesingsinmenging aktief te versag of te onderdruk"; en die ontdekking, volgens 'n oorsig van die Departement van Binnelandse Veiligheid, dat ongeveer 278 000 nie-burgers geregistreer was om te stem.

Die term "deep state" (diep staat) het oorspronklik verwys na lande soos Turkye, Egipte en Pakistan, waar dele van die veiligheidsapparaat, weermag en intelligensiedienste onafhanklik van die demokraties verkose regering opgetree het en soms selfs regerings omvergewerp het. Sedert ongeveer 2016, en veral tydens Donald Trump se eerste presidentskap, word "diep staat" dikwels gebruik om te verwys na 'n netwerk van permanente amptenare en instellings wat die president se beleid probeer vertraag of teenwerk.

"Groot skade is aan ons land aangerig. Ons verkiesings is kwesbaar gelaat vir manipulasie en steel, en die vertroue van die Amerikaanse volk is verlore," het Trump gesê. "Dit kan nie toegelaat word om voort te gaan nie."

Amptenare in Beijing is beslis nie die enigste linkses wat verontwaardig is oor Trump se onthullings nie.

Na die toespraak en die Withuis se vrystelling van ondersteunende dokumente, het Demokrate in 'n oënskynlike paniek uitgevaar en Trump daarvan beskuldig dat hy probeer het om die komende tussentydse verkiesings te "manipuleer".

Die Senaat se minderheidsleier Chuck Schumer (D-N.Y.), wat volgens 'n onlangse Harvard-Harris-peiling 'n ongunstigheidsgradering van 43% gehad het, het Trump se toespraak beskryf as 'n "patetiese poging" om te ontken dat "hy die 2020-verkiesing verloor het".

"Hy werk daaraan om die tussentydse verkiesings te manipuleer voordat 'n enkele stem selfs uitgebring is. Ons sal hom nie toelaat nie," het Schumer in 'n verklaring gesê. "Wat die SAVE-wet betref, het die howe dit verwerp, die Kongres het dit verwerp, selfs lede van jou eie party het dit verwerp - gee dit op."

In sy toespraak het Trump gesê dat "die aanspreek van hierdie krisis van verkiesingsveiligheid vereis dat die Kongres die SAVE America-wet moet aanvaar" - voorgestelde wetgewing wat individue sou vereis om dokumentêre bewys van Amerikaanse burgerskap te lewer wanneer hulle registreer om te stem.

“Die enigste rede waarom jy dit nie sou doen nie, is dat jy wil kul omdat jou beleid so sleg is en jou kandidate so pateties is dat jy nie kan wegkom of op enige ander manier verkies kan word nie,” het Trump bygevoeg.

Hakeem Jeffries (D-N.Y.), die minderheidsleier in die Huis wat ure tevore met Amerikaanse “regime-verandering” gedreig het, het voorgestel dat die kommer en bewyse wat Trump aan die nasie voorgelê het, neerkom op “doelbewuste en gevaarlike leuens”.

Soos Schumer, het Jeffries beweer dat die president se kommer oor verkiesingsveiligheid deel is van 'n verkiesingsondermyningsstrategie.

“Hy het sinies en korrup besluit om ons vrye en regverdige verkiesings in twyfel te trek voordat 'n enkele stembrief uitgebring is,” het Jeffries, 'n sterk teenstander van die SAVE America Act, gesê. “Hoekom? Republikeine glo hulle moet kul om te wen.”

Demokrate in Michigan, wie se staat in die president se bespreking van moontlike kiesersbedrog verskyn het, het gesê dat "ten spyte van wat hierdie rondloper en korrupte man ook al sê, duisende klerke, stembuswerkers en verkiesingspersoneel landwyd 'n vrye en akkurate verkiesing geadministreer het" en beweer dat Trump eintlik probeer het om "ons verkiesings te ondermyn en kiesers van hul stemreg te ontneem."

Sommige Demokrate het haastig tot die gevolgtrekking gekom dat Trump oor verkiesingskwesbaarhede gelieg het nog voordat hy begin praat het.

Verteenwoordiger Jim McGovern (D-Mass.) het byvoorbeeld voor Trump se toespraak gesê: "Jy moet 'n spesiale soort dom wees om hierdie nonsens te glo."

Al 24 Demokratiese goewerneurs het in 'n gesamentlike verklaring opgemerk: "Dit is diep kommerwekkend dat president Trump steeds probeer om vrye en regverdige verkiesings te ondermyn. Geen hoeveelheid leuens en sameweringsteorieë kan die feit verander dat ons land se verkiesings herhaaldelik bewys is om veilig en seker te wees nie." Volgens die Demokratiese goewerneurs is Trump se "aanvalle" "bedoel om kiesers te intimideer en stil te maak."

Gavin Newsom, die goewerneur van 'n staat waar nie-burgers in sekere verkiesings kan stem, het persoonlik gal gebraak oor Trump se toespraak en in 'n video gesê: "Dit was die gemor van 'n mal koning." Newsom het by die Demokratiese draaiboek gebly en gesê dat Trump "die verkiesing in 2026 wil manipuleer."

*(Vervolg op bladsy 10)*

# Vlaamse Republiek geëis




*Voorpost in Vlaandere vier Guldensporenslag herdenking. Regs is mnr. Luc Vermeulen van Voorpost saam met 'n ondersteuner.*

Lid van die Vlaamse Parlement Klaas Slootmans (Vlaams Belang) het Minister-President Matthias Diependaele van N-VA tydens 'n parlementsitting skerp gekritiseer rakende sy Gemeenskapsboodskap van 11 Julie. Daarin het Diependaele onder andere gepleit vir 'n volledige verdeling van sosiale sekerheid, homogene portefeuljes van bevoegdhede, 'n regionalisering van gesondheidsorg, 'n onafhanklike arbeidsmarkbeleid en fiskale outonomie.

"Dit spreek vanself dat die Minister-President 'n bondgenoot in ons vind wanneer hy Vlaamse eise stel," sê Slootmans. "Maar wanneer geen aksie daaraan gekoppel is as regeringsleier nie, bly dit gemeenskaplike Sondagspoësie om jou eie kiesers kalm te hou." Slootmans het daarop gewys dat die N-VA al jare lank groot Vlaamse verklarings maak, maar daarna konkrete inisiatiewe blokkeer.

Diependaele het byvoorbeeld voorheen gepleit vir die verdeling van die Brussel-Halle-Vilvoorde-geregtelike distrik en die afskaffing van taalfasiliteite, terwyl sy party voorstelle in daardie rigting van Vlaams Belang in beide die Kamer en die Senaat afgestem het. "Die vraag is nie meer wat die N-VA dink, glo of ooit sou wou hê nie," het Slootmans gesê. "Die vraag is wat hierdie Vlaamse regering uiteindelik konkreet sal doen na twintig jaar van N-VA-beleid en drie N-VA Minister-Presidente."

Diependaele se pleidooi om nuwe magte te verkry deur 'n klassieke staatshervorming het ook kritiek ontlok. Volgens Slootmans loop Vlaandere die risiko om weer magte met sy eie geld af te koop. "Dit is in stryd met wat die N-VA self jare lank beweer het," sê hy. "Vlaandere moet nie federale gate vul in ruil vir magte wat bloot aan ons behoort nie. Solank Vlaandere vasgevang bly binne die Belgiese konstruksie met sy tallose waarborge, sal ons nooit ten volle beheer hê oor ons belasting, maatskaplike sekerheid en gesondheidsorg nie."

Slootmans het tot die gevolgtrekking gekom dat die N-VA nie meer kan voorgee dat hulle magteloos is nie. Die party voorsien beide die federale premier en die Vlaamse minister-president, verskeie adjunkpremiers en ministers, en hou die leisels op alle beleidsvlakke. "Jy kan nie elke jaar op 11 Julie verkondig dat Vlaandere meester van sy eie geld moet word, net om die volgende dag jou hande in die lug te gooi nie. Hou op wegkruipertjie speel, implementeer jou eie beginsels saam met ons en werk aan 'n Vlaamse republiek. Dit is die enigste pad na ware Vlaamse outonomie."

11 Julie is die amptelike feesdag van die Vlaamse Gemeenskap. Die dag herdenk die Guldensporenslag wat op 11 Julie 1302 naby Kortrijk plaasgevind het.

In die Guldensporenslag het Vlaamse milisies – hoofsaaklik burgers, ambagsmanne en boere uit Vlaamse stede – 'n veel groter en beter toegeruste Franse ridderleër verslaan. Die Franse koning, Philip IV, het probeer om sy beheer oor Vlaandere te versterk.

Die oorwinning was merkwaardig omdat swaar gepantserde ridders as feitlik onoorwinlik beskou is, die Vlaamse infanterie die Franse kavallerie suksesvol gestuit het, en dit die selfvertroue en politieke invloed van die Vlaamse stede versterk het.

Die naam "Guldensporenslag" kom daarvan dat die oorwinnaars na bewering honderde goue spore van gevalle Franse ridders op die slagveld versamel en in die "Onze Moederkerk" opgehang het.

Sedert 1973 word 11 Julie as die amptelike feesdag van die Vlaamse Gemeenskap gevier. Dit is egter nie 'n nasionale Belgiese openbare vakansiedag nie, maar wel die simboliese dag waarop die Vlaamse identiteit, taal en kultuur gevier word.

Vir baie Vlaminge simboliseer 11 Julie die strewe na groter selfbestuur of outonomie, die beskerming van die Nederlandse taal in België, en die historiese identiteit van Vlaandere.

Vlaams-nasionalistiese organisasies soos Voorposte en 'n party soos Vlaams Belang gebruik die dag dikwels om te pleit vir verdere federalisering of selfs onafhanklikheid van Vlaandere. ■




## Ramapokker tydelik uit die moeilikheid

Die Kaapse Hooggeregshof het Cyril Ramapokker so 'n bietjie verligting gegee van sy moontlike staat van beskuldiging.

Ramapokker het dié hof met 'n dringende versoek genader om die parlement se Artikel 89-aanklagkomitee tydelik te stop, tot na die hersieningsaansoek van die art. 89-paneel se verslag oor Phala Phala. Dié paneel het bevind dat daar 'n prima facie-saak teen Ramapokker bestaan oor die meer as 'n half miljoen dollars wat uit 'n rusbank op die plaas gesteel is.

Die hersieningsverrigtinge vind in September vanjaar plaas.

Intussen het lede van die aanklagkomitee al hul tande begin slyp om Ramapokker behoorlik voor stok te kry. Van hulle is lus vir hom... Hulle wil hê dat hy persoonlik en sonder regsverteenwoordige voor hulle moet verskyn om te getuig en hul indringende vrae te antwoord – iets waarvoor Ramapokker uiteraard nie lus het nie.

*• September is nouliks twee maande weg. In die politiek kan dit soms nogal lank wees, vra maar vir enige onlangse Britse premier... **Sarel** reken dus dat selfs met hierdie verligtinkie Cyril nie te lekker gaan slaap nie. En die aanklagkomitee het meer tyd om voor te berei...*

---

## Madlanga-getuies roer mekaar



Die Madlanga-kommissie wat allerhande wandade in die regstelsel moet ondersoek, het maar sy hande vol met al die getuies.

Sommige getuies getuig in die openbaar, ander agter geslote deure omdat hulle vrees vir hul lewe en word dan net "Getuie A", Getuie B" en so aan genoem.

Nie dat dit enigiets help nie. Een van die getuies wat op hierdie wyse agter geslote deure getuig het, is kort daarna koelbloedig vermoor. Dit wys natuurlik op die enorme omvang van die bedrog, korrupsie en inmenging wat geopenbaar word, en wat sommige misdadigers nie geopenbaar wil sien nie.

Die getuies gee ook nie om om voormalige medepligtiges by die naam te noem en te verbind aan misdadige bedrywighede nie, en 'n paar van hulle is darem al vasgetrek en voor die hof gedaag.

Daar was so 'n snaaksheid aan die hele proses, want terwyl die Madlanga-kommissie aan die gang was, het die parlement sy eie ondersoekkomitee gehad.

Die een voordeel van die onverklaarbare dubbele ondersoek, was dat getuies hulleself vasgelieg het. Die jongste daarvan is adv. Andrea Johnson, hoof van die ondersoekdirektoraat teen korrupsie, Idac.

Dit blyk nou dat haar getuienis voor die parlement haar jongste getuienis voor die Madlanga-kommissie weerspreek. In gewone, verstaanbare Afrikaans, beteken dit dat sy voor een van die twee ondersoeke gelieg het of steeds lieg.

Verder is sy self in die spervuur omdat sy na bewering sekere misdadige elemente in die polisie probeer beskerm het.

*• "Oom Pieter" (Groenewald) moet maar sy tronkbakkerye vinnig uitbrei sodat hulle kan begin geld maak, want hy gaan ten minste twee tronke moet by bou: een vir die skelms wat blyk uit die Madlanga Kommissie, en een vir die skelms wat nog vry rondloop na die Zondo Kommissie. **Sarel** hoop net dat Zondo se aanbevelings tog iewers aandag gaan kry en dat daardie geïmpliseerde skurke ook hul nuwe oranje oorpakkies sal kry.*

---

## Ongewapende roof van R31 miljoen

Die sport en politieke wêreld gons dit behoorlik oor die voormalige gevonniste gewapende rower, Gayton McKenzie, se R31 miljoen uitstappie na die Sokker-Wêreldbeker.

McKenzie is deesdae minister van sport in die koalisieregering waar hy sy PA-party verteenwoordig, saam met verskeie ander partye soos DA, VF Plus, IVP, SAKP en andere.

Verskeie sportfederasies sukkel om geld uit die staat

te kry vir internasionale byeenkomste, maar McKenzie trakteer sy amptenare en ander genooides op 'n R31 miljoen uitstappie. **Sarel** kan verstaan dat daar ongelukkigheid bestaan.

Maar, verdedig McKenzie homself: die geld was nie net vir homself nie. Hy het "slegs" R1,1 miljoen daarvan vir homself gebruik...



**Sarel** wil nou nie beweer dat dit dalk 'n genetiese saak is nie, maar 'n kykie na McKenzie se verlede is tog interessant.

Hy is in die middel-1990's skuldig bevind aan gewapende roof. Hy en medepligtiges het in 1995 probeer om 'n bank te beroof. Hy is gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op twee aanklagte van gewapende roof.

Hy het egter nie die volle 15 jaar uitgedien nie. Ná ongeveer sewe tot agt jaar in die Grootvlei-gevangenis is hy vroeër vrygelaat.

McKenzie het self oor die jare openlik erken dat hy reeds as tiener by bendes betrokke was en aan verskeie misdade deelgeneem het voordat hy gevang is. Hy het ook beweer dat sy gevangenisstraf 'n keerpunt in sy lewe was, waarna hy hom as sakeman, skrywer, motiveringspreker en later politikus gevestig het.

Daar was egter in onlangse jare verskeie bewerings en ondersoeke oor McKenzie was, waarvan baie nog nie tot strafregtelike skuldigbevindings gelei het nie.

Dus kon hy hierdie keer die staatskas "wettig roof" vir 'n lekker uitstappie na die Amerikas. Hy het nie eens 'n wapen nodig gehad nie...

Nou het die DA geëis dat McKenzie hieroor ondersoek moet word. Wel, natuurlik moet hulle iets teen hom probeer, want die PA-party is besig om die DA bloedneus te gee in tussenverkiesings in die Wes-Kaap, en hy kan dalk 'n hele paar munisipaliteite inpalm in die November-verkiesing, dus moet die DA van hom probeer ontslae raak.

*• Wat tog verstommend is, is dat hy steeds minister is. Cyril Ramapokker het sommer vinnig-vinnig van 'n DA-adjunk-minister ontslae geraak wat "sonder toestemming" na die buiteland gereis het, maar McKenzie is steeds in sy pos. Moet **Sarel** hierdeur aflei dat McKenzie "met toestemming" soveel geld bestee het vir die reis? Dan is Ramapokker mos ewe skuldig? Maar natuurlik sal dit Ramapokker pas om McKenzie aan te hou, want daarmee kan hy die DA weer skade berokken. Alles politieke speletjies voor 'n verkiesing.*

---

## Geskarrel in die DA

Die geskarrel in die DA nadat John Steenhuisen as minister afgedank is, is nog nie verby nie.

Voormalige DA-leier Helen Zille het in 'n onlangse onderhoud gesê dat John Steenhuisen se skerp kommentaar oor die party "nie nuttig is nie", en dit het gekom nadat hy deur Tony Leon seergemaak is.

Steenhuisen het beweer dat DA-leier Geordin Hill-Lewis sy belofte verbreek het dat hy as Minister van Landbou sou aanbly.

Hy het ook die voormalige DA-leier, Tony Leon en dié se Resolve Communications maatskappy daarvan beskuldig van onetiese beïnvloeding om hom as minister te verwyder.

Ander politieke partye soos die ANC en ActionSA, het munt geslaan uit die openbare binnegevegte om die DA in 'n negatiewe lig te stel. Ramapokker het gesê dit lyk soos staatskaping, en ActionSA het gesê dit is 'n handboek-staatskapingscenario. ActionSA wil hê dat Ramapokker 'n onafhanklike ondersoek na Steenhuisen se bewerings instel.

Zille probeer wal gooi, want sy wil die DA se burgemeester vir Johannesburg word, dus moet sy die party probeer beskerm. Sy sê dat dit nie staatskaping is nie. "Enigiemand wat dit staatskaping noem, verstaan nie wat staatskaping is nie. Hulle het geen idee nie."

Dit beteken nie dat dit nie skadelik is nie. "Dit is baie onbehulpsaam. John het 'n gesegde gehad: 'Jy moet nooit, ooit jou eie bote bombardeer nie.' Dit is ironies in die omstandighede," het Zille gesê.

*• Politieke eer en aansien laat mense snaakse dinge doen, veral as dit gebou is op opportunisme en nie beginsels nie. Maar hou dié spasie dop: die DA gaan nog verder geruk word deur onthullings van Groot bedrae geld wat hulle aan 'n Dubaise forma van Ryan Coetzee betaal het om onderhandelings met die ANC aan te gaan vir die vorming van 'n*

*koalisieregering, en ongelukkigheid van heelwat DA-parlementslede wat ongelukkig was dat Coetzee en Tony Leon groot seggenskap in die DA se regeringskoukus gehad het...*

## Trump klap weer tariewe sweep – Waar is Roelfie?




Amerika se president Donald Trump het weer straftariewe op uitvoere na Amerika ingestel teen 60 lande.

Suid-Afrika is een van dié lande. Die tariewe wissel tussen 10% en 12,5%. Suid-Afrika het die swaar boete van 12,5% gekry.

Natuurlik is die slegte nuus vir enige Suid-Afrikaanse uitvoerder na Amerika, veral omdat hulle niks daaraan kan doen nie.

Trump teiken juis die ANC-geleide regering wat volhou met swart bevoordelingswetgewings en dreigemente van onteiening sonder vergoeding, soos wat Ramapokker onlangs wéér verdedig het.

Dit laat **Sarel** wonder wat van Roelfie (Kanarie) Meyer geword het? Hy is met groot "fanfare" as ambassadeur na Amerika gestuur, en hy sou die man wees wat Trump sou paai en alle verhoudinge sou herstel, Toe nou nie... Wel het dit bekend geword dat Meyer sy bes doen om die Trump-regering te laat afsien van die vlugteling-program vir Afrikaners na Amerika. Dus, enersyds beywer Roelfie hom om Afrikaners wat 'n geleentheid wil benut, te frustreer, en andersyds doen hy nie sy werk nie en benadeel Suid-Afrikaanse uitvoerders!

• *Maar nou ja, as jy meer as dertig jaar gelede 'n hele land kon opoffer, wat sal die verwagting dan nou wees?*

---

## Die Redakteur

*(Van bladsy 2)*

in die 1830's besoek het en tot 'n gevolgtrekking gekom: Die gesondheid van 'n samelewing hang nie net van sy regering af nie, maar van sy vrywillige gemeenskappe: sy kerke, plaaslike verenigings, skole, kultuurorganisasies, sportverenigings, media - mense wat saam dinge doen sonder dat die staat alles beheer.

Lees gerus in dié verband mnr. Meinhard Peters se **Perspektief** elders in die uitgawe.

Ons staatsmodel met toenemende sentralisme, miskenning van volke, en 'n een mens, een stembedeling waarin die wenner alles vat, blyk na meer as drie dekades nie werkbaar te wees nie, en ander oplossings moet ondersoek word, insluitende 'n totaal ander staatsvorm.

---



# HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041

Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**

072 229 2148



# Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis

## Die Spioen



**Johan Wiesner**

Dit is Maart 1981. Algemene verkiesingstyd in Suid-Afrika. Die Groot NP-Skrik-verkiesing wat sou lei tot die KP se stigting, 'n jaar later. Op 29 April gaan die verkiesing plaasvind.

PW Botha se "Nasionale Party" steier nog steeds onder die wonde van die kolossale stemskokke wat die HNP in die onlangse tussenverkiesings aan hulle toegedien het. Die "Nasionale Party" is in groot moeilikheid, en hulle moet vir die vales keer dat die HNP hulle nie in hierdie algemene verkiesing gaan verneder of dalk selfs verslaan nie.

In Pretoria-Sentraal, 'n hoofsaaklik woonstel-bewoners kiesafdeling, het die handjievol HNP's 'n leë woonstel gehuur om te dien as verkiesingskantoor. Hulle het sopas hulle tydelike intrek daarin geneem. Die verkiesingsorganisasie staan onder die leiding van Piet Joubert.

Piet en ons ander het skaars begin werk, toe 'n wildvreemde, onbekende jongman een aand uit die bloute opdaag. Hy sê hy is (sê maar) Jan Potgieter. Hy is 'n student by Tukkies, hy kom van een of ander dorp in die Wes-Transvaal, hy mag vanjaar die eerste keer stem, hy het in 'n HNP-huis groot geword, sy pa is Sybrand (sê maar) Potgieter, en hy, Jan, wil graag help nou in die verkiesingstyd.

Baie verdag, want wat Jan nie weet nie, is dat Piet Joubert toevallig Jan se beweerde dorp baie goed ken, en geen kennis dra van 'n Sybrand Potgieter, met 'n seun Jan daar nie… Maar Piet laat niks blyk teenoor Jan nie. Piet praat wel op 'n stadium vertroulik met my, en sê hy dink hier is 'n slang in die gras. Ek sê vir Piet dat ek ook nie die vrede vertrou nie… Ons besluit ons gaan vir Jan fyn dophou…

Getrou, elke agtermiddag en vroegaand, daag Jan op. Hy drink graag die HNP se koffie, maar wat feitlik dadelik opval, is dat hierdie "vrywillige", "hulpgewende" Jan, NOOIT 'n vinger lig om enige hulp te géé nie. Hy vou nie pamflette, of strooi hulle in die woonstel-posbusse nie; hy plak nie plakkate, of help met die opsit daarvan nie; hy help met GEEN van die kantoor-of verkiesingsadministrasie nie. Wel sit hy elke dag net agterstevoor op 'n stoel, en vra uit oor die HNP, sy leiers, sy organisasie strukture, sy verkiesingskandidate, berigte oor die verkiesing uit ander HNP-verkiesingskantore, ensovoorts. Nogal eienaardig, dié man se min kennis…! Boonop verskil hy van, en argumenteer oor enige moontlike beleidstandpunt van die HNP. Voorwaar, baie vreemd vir 'n jongman wat uit 'n "HNP-huis" kom…! En GEEN en NIKS "hulp" gee soos hy belowe het nie!! So teen 8-uur elke aand verskoon hy homself; glo omdat hy nou moes gaan "swot"…

Na 'n klompie aande, is ek en Piet alleen in die woonstel, besig om plakkate te plak.

"Piet", sê ek, "ek vertrou hierdie Jan nie. Ek dink hy is geplant deur BOSS (die Veiligheidspolisie), om vertroulike inligting oor die HNP te probeer kry en aan hulle oor te dra".

Piet sê hy het ook daardie gevoel gekry. Dinge klop net nie…

Ons besluit ons gaan 'n strik vir Jan stel…

Die volgende aand is Jan oudergewoonte weer daar. Selfde storie: Vrae, vrae, en argumenteer teen sy "mede-HNP's", koffie drinkende en agteruit op die stoel sittende. Inderdaad: uiters merkwaardige optrede vir

’n jongman wat “graag” die HNP wil “help”…

En toe: wéér kritiek teen dinge wat die HNP dan glo volgens hom ”verkeerd” sou doen, aldus sy jeugdige studente-“wysheid”.

“Man”, sê Piet vir hom, ”noudat jy só baie van die HNP weet, gaan vertel dit vir jou base by BOSS!”

Dit het Jan nie verwag nie en hy is onkant gevang. Maar hy is ook nog opgewonde-opgewerk as gevolg van die pasafgelope argument. Jan se wag voor sy mond is weg, en hy dink nie mooi wat hy doen en sê nie. Voor hy hom kan keer, praat hy sy mond verby: “Ja, ek sal dit doen!”

‘n Kort geskokte stilte, want Jan besef wat hy gedoen het…

“Dankie”, sê Piet glimlaggend vir hom, ”ons het van die begin af vermoed jy is ’n BOSS-spioen, en nou het jy dit bevestig. Onthou om ook vir jou base te sê hoe lekker die HNP se koffie is”…

Nog ’n paar oomblikke op sy agterstevoor stoel, toe staan Jan op, en loop. Mompel iets oor sy ”swottings”.

Nodeloos om te sê, was dit die laaste wat ons van Jan gesien het. Hy het nooit weer ’n enkele middag of aand gekom om te kom ”help” nie. Stemdag het niemand van ons hom ook met ’n oog gesien nie…

Ek weet nie of Jan toe gestuur is om in ’n ander kiesafdeling te gaan spioeneer nie, en of hy ooit sy ”studies” voltooi het nie…

---


## Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com





**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik



# “Sy doodkry was (nog steeds) nie”




’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer. Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak) of ’n geheuestokkie.**

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




Voordat ek nou pen aan papier vir jou wou begin slaan, het ek gou eers na al die internasionale nuus gekyk. Ek kry sommer sulke koue rillings as ek sien waarmee die klomp knorrende brakke in die buiteland mekaar nou weer bedreig en alreeds bygekom het.

Ons sit weliswaar hier aan die suidpunt van Afrika redelik ver van die ongedurigheid af, maar as mens 'n klip in die water gooi, spoel die rimpelings een of ander tyd oor jou tone.

Voordat ek toe uiteindelik by die brief uitgekom het, het ek eers 'n bietjie met my voete in die son gaan sit om my kop in rat te kry. Skaars gesit of Sienie kom plak haar uitasem neffens my neer. "Lettie, ek gaan daardie ellendige ou Jemimabok nog nek omdraai," brom sy.

"Ek dog dan sy is so 'n ordentlike ou melkbok?"

"Ja, ordentlik tot sy iets groen sien. Nou het sy Papawer se nuwe voorskoot met 'n groen blarepatroon aan die wasgoedlyn ontdek en 'n groot gat in hom gekou voordat sy ontdek is. Kos my nou dorp toe gaan en 'n ander voorskoot gaan koop. Lettie het jy bietjie warm koffie om my krag te gee?"

Nie lank nie of Allegro kom ook by ons sit. "Het julle Pruimie se dierbare worshondjie gesien? Sy naam is Abjater. Te oulik. Maar Lettie, hoekom het jy vandag so 'n plooi op jou voorkop? Moenie sê jy en Servaas is oorhoops nie, ek sal dit moeilik glo!" sê sy.

"Nee Allegro, ek is net besig om my voete in die son warm te maak sodat my ou kop beter kan dink. Ek het so pas na die internasionale nuus op my rekenaartjie gekyk en weer eens besef ons is op die regte spoor met ons stoorkamer. Daar is egter nog baie wat ons behoort te doen, want die spoed waarteen die klomp groot lande skielik weer begin baklei het, maak dat my rug sulke koue rillings kry."

"Ons stoor het darem nou 'n goeie voorraad langlewe-kos in en ons het darem die stookketel se voggies ook," grinnik Allegro. "As ek egter moet dink, skat ek daar is twee goed waaraan ons nog aandag moet gee. Almal is nog nie besig om groente te plant nie, ons kan nie net van die skooltuin afhanklik wees nie. Dan moet ons ook 'n handleiding opstel sodat elkeen weet wat om in haar eie spens op te berg en resepte om eetbare geregte van blikkieskos en droë produkte te maak."

"Daar is nog 'n derde ding," sê Sienie. "Ons moet ook beplan hoe ons ons behoeftige naastes sal kan help."

"Sienie jy praat 'n waar woord daar," sê ek. "Oormôre is Donderdag, dan praat ons die ding rondom ons stofie van 'n kant af uit. Ons moet ook die vrouens van Kwadraat oornooi daarvoor. Dankie, julle twee, drie paar voete in die son se koppe dink beter as net een."

Ou Sus ek sal vir jou 'n afskrif van ons beplanning stuur om in julle omgewing te gebruik."

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
*Sus Lettie*





**Die Afrikaner** sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

# Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: ___________________________ Datum: _______________

**AAN:** ***Die Afrikaner*****, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: _________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ______________________ op hierdie ______ dag van _______________ 2024.

_______________________________
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: Prof Dr Mnr Mev Mej

Van en Voorletters: ___________________

Adres: __________________________ Sel.no.: ______________________

__________________________ E-pos: ______________________

__________________________

Poskode: ________

ID No: _______________________________

Vaardigheid/Beroep: _____________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____________________ Datum: _______________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** ______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** _________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: _____________ Lidnommer: ______________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: ______________________